

BORG 'n BYBEL PROJEK



Gereformeerde Kerk Bellville



Gereformeerde Kerk Bellville

23 Augustus 2013

INHOUD

1. Doel van die Borg 'n Bybel projek.....	3
2. Funksies van die Borg 'n Bybel komitee	3
i. Die komitee.....	3
ii. Mikpunt.....	3
iii. Terugvoering/Meting.....	3
iv. Debietorderstelsel.....	3
v. Gee 'n Bybel – Spaarbussies en koeverte.....	3
vi. Fondsinsameling Projekte	4
vii. Uitdaging E100– Lees die Bybel	4
3. Opmerkings van die Sameroeper	4
4. Voorbeeld van 1ste nuusbrief:	5

1. Doel van die Borg 'n Bybel projek

Die Bybelgenootskap is volkome afhanklik van die gebede en finansiële ondersteuning van alle Christene, kerke, sakeondernemings en ander organisasies om sy taak, bekostigbare Bybels vir almal, te kan uitvoer¹.

Uit 'n saamdink byeenkoms van die Bybelgenootskap van SA wil hulle al die gemeentes oproep om te begin met 'n Borg 'n Bybelprojek. Die projek het ten doel om te verseker dat genoegsame bekostigbare Bybels in al die tale van ons land beskikbaar mag wees! Dit verseker ook dat, in ons leeftyd en die van ons kinders, God se Woord in al die formate beskikbaar sal bly!

Die doel van hierdié projek is om 'n komitee saam te stel om hoofsaaklik die gemeente van die Gereformeerde kerk, Bellville, betrokke te kry om finansiële hulp aan die Bybelgenootskap van SA te verleen om bekostigbare Bybels aan almal beskikbaar te stel.

2. Funksies van die Borg 'n Bybel komitee

i. Die komitee

Die sameroeper sal via 'n nuusblad die beoogde projek kommunikeer (sien voorbeeld van 1ste nuusbrieff, punt 3) en die dominee sal van die preekstoel af die nodige motivering doen. Gemeentelede word uitgenooi om deel van die komitee te word.

ii. Mikpunt

Die komitee sal 'n mikpunt bepaal (bv. aantal Bybels per lidmaatgetalle groot en klein). 'n Begindatum sal deur die komitee vasgestel word wat aan die gemeente gekommunikeer sal word.

iii. Terugvoering/Meting

Die kassier sal gevra word om maandeliks 'n opsomming aan die komitee te gee sodat daar terugvoering aan die gemeente gegee kan word. Weeklikse of maandelikse nuusbriewe met inligting oor vordering sal deur middel van 'n nuusbrieff aan die gemeente besorg word. Kennisgewings sal ook op die kennisgewingbord in die konsistorie geplaas word.

iv. Debietorderstelsel

Die komitee sal ondersoek instel na debietorder fasiliteite om bydraes te vorder van lidmate en maandeliks indien.

v. Gee 'n Bybel – Spaarbussies en koeverte

Die komitee sal Sondae koeverte en spaarbussies byderhand hou sodat lidmate dit persoonlik by hulle kan kry (koeverte en spaarbussies sal nie iewers neergesit word nie!)

¹ Bybelgenootskap

vi. Fondsinsameling Projekte

Die komitee sal fondsinsameling geleenthede reël bv. -

- Stap – 3 of 5 km stap om 'n Bybel te borg;
- Kerkbasaar Stalletjie;
- Jeug/katkisasie kommissies om kinders en jeug te aktiveer met hulle eie meting. Ander kommissies kan ook genader word.

vii. Uitdaging E100– Lees die Bybel

Die komitee sal 'n aksie daarstel om die gemeente aan te moedig om om deel te wees van miljoene Christene wêreldwyd wat die uitdaging om die E100 vanjaar te lees en te aanvaar. Die E100 is 'n opwindende leesrooster wat jou help om in een jaar deur die Bybel te lees.

3. Opmerkings van die Sameroeper

Die sameroeper (Debbie Joubert) en dominee (van die preekstoel af) sal die belangstellendes nooi om deel van die komitee te wees waarna verdere besluite geneem sal word en kommunikasie aan die gemeente gerig sal word.

Geteken: Debbie Joubert, Sameroeper, 24/8/2013

From: GKBellville Administratiewe Beampte [mailto:Gkbellville@mwebbiz.co.za]

Sent: 12 September, 2013 11:56 AM

To: Debbie Joubert

Subject: Bybelprojek

Liewe Debbie

Jou versoek aangaande die Borg-‘n-Bybel projek is deur die kerkraad goedgekeur.

Liefde en groete

Margo

4. Voorbeeld van 1ste nuusbrief:

Liewe Gemeente,

Vanaf Sondag 1 September begin ons GEMEENTE met die Bybelgenootskap se opwindende **Borg 'n Bybel** projek!

Is jy en jou gesin gereed om elkeen 'n BYBEL te borg in die **Borg 'n Bybel**-projek?



Neem asb deel! ...

Borg vandag nog 'n Bybel want hierdie Bybel wat jy borg sál iemand se lewe verander!!

- R50 borg een Bybel en ons mikpunt is Bybels per jaar (sal nog deur die komitee vasgestel word). Oorweeg dus self om 'n Bybel te borg en help u kinders en kleinkinders om ook mee te doen.
- **Borg 'n Bybel**- koeverte – is beskikbaar by die komitee
- **Borg 'n Bybel**- spaarbussies – sal vir ons kinders uitgedeel word.
- As u met die **Borg 'n Bybel**-komitee idees of voorstelle wil deel, navra het of selfs op die komitee wil dien, skakel asb met: Debbie Joubert (082 4511 076).
- Kommunikasie sal via 'n nuusblad of deur middel van die dominee van die preekstoel geskied (u sal gereeld in kennis gestel word van ons vordering). Hou ook die kennisgewingbord in die konsistorie dop.